# Die Jordaantjie

WEEKLIKSE NUUSBRIEF

28/2025

## Uit die kantoor

*-Geleen-*

### *Wat staan op jou LABEL?*

*Ek vou Saterdag 'n hemp van Abbi op… En ek sien in sy onderstebogeit dat hy n nuwe label het.*

*Ek neem aan sy't net een keer te veel hom oor moes aantrek want hy's agterstevoor. Die labelkie wat daar was is, nie meer nie. Hy het al uitgewas. Ons moes maar op 'n stadium in die laaste 5 jaar ons fiemiese op 'n kant skuif… Want daar was nie geld vir nuwe klere nie. Ons het gekry by anders sussies wat ons size is.*

*En dis ook okey… Want ons het meer geleer in hand-me-downs as wat ons ooit sou leer uit nuwe klere…*
*En ons is dankbaar. Nou nog. Elke geval.*

*Pa sê… My kind… Wat sê jou label?*

*Ek sê ek weet nie Pappa.*

*Hy sê… Okey, weet jy wat moet hy sê? Hy moet sê…*
*Koningskind. Oogappel. Geliefde. Beminde. Uitverkore. Myne…*

*Jou label moet sê… Jys goed genoeg. Jys mooi genoeg. Jys ma genoeg. Jys waardig…*

*Sê jou label dit My kind? Ek sê nee Pappa… Nie altyd nie… Jy sien… Die goetes van die wêreld kom haal jou label af. Die label waarmee Pa jou ge-issue het. Die stempel van die Koning.*

*Die dinge van die wêreld kom plak 'n nuwe label op jou hemp…*
*Onwaardig. Geskei. Verslaafde. Arm. Siek. Depressief. Werkloos.*

*Die label wat jy elke môre lees sê vir jou…*
*Jy's nie pa genoeg nie. Jy's nie vrou genoeg nie. Jy's nie werd om 'n mamma te wees nie.*
*Jy's useless want jy kan niks doen nie. Jy kan nie eers ordentlik vir jou kinders sorg en vir hulle dit gee wat hulle nodig het nie.*

*Want in die onderstebogeit het jy 'n ander naam in jou hemp geskryf. En daardie naam… Dui jou rigting aan. Druk jou op 'n pad wat nie vir jou bestem is nie. Wat Pa nie vir jou beplan het nie.*

*Vanoggend wil Pappa hê jy moet weet… Dis nie wie jy is nie.*
*Dis nie wie Hy jou gemaak het om te wees nie. Dis nie Sy hart vir jou nie.*

*Hy het vir jou n nuwe naam gegee. 'n Nuwe label. 'n Nuwe identiteit.*
*Jy's Syne. Jy's Sy kind. Koningskind. Jy's nuutgemaak. Jy's sy oogappel.*
*Hy het nie net jou label kom uitkrap nie. Hy het jou 'n nuwe hemp gegee. 'n Nuwe kleed om jou skouers gesit. Hy het 'n ring aan jou vinger gesit. En skoene aan jou voete. Hy het jou by die naam geroep. Jy is syne.*

*Haal af die wêreldse label. En trek jou nuwe kleed aan. Jy is nie meer dit nie. Jy is nie meer wie jy was nie.*
*Al label die wêreld jou so… Dis nie wie jy is in Pa se oë nie.*

*Kyk hierdie week vierkantig in die oë.*
*Tel op jou kop. Maak nie saak wat gebeur nie. Maak nie saak wat voorlê nie. Wys vir almal jou label.*
*Wys vir hulle die label wat Pa jou mee ge-issue het. Hy's nogsteeds daar.*
*Stof hom af. Brag bietjie. Jy is goed genoeg.*

*Hou vas. Klou vas. Byt vas.*

## IN HIERDIE UITGAWE

1. Graad R en 1 aansoeke
2. Selfone
3. Skoolfonds vir 2025
4. Sport
4. Kultuur
5. Akademie
6. Graad 5 Uitstappie
7. Produksie 2000
8. Fotoblad




# Algemeen

## 1. Graad R en 1 aansoeke vir 2026

Ons is tans besig met die proses om plekke toe te ken en klasindelings vir Graad R en 1 vir 2026 te doen. Kontak die kantoor indien u meer inligting verlang of u kind wil inskryf.

## 2. Selfone

Leerders moet asb. probeer om nie selfone skool toe te bring nie. Indien dit wel gedoen word moet dit voor skool by die kantoor ingedien word - op eie risiko. Die sogenaamde belhorlosies word toegelaat, maar mag nie tydens skooltyd gebruik word nie. Indien enige leerder met 'n selfoon in besit gevang word sal dit gekonfiskeer word vir die res van die kwartaal. Dieselfde geld vir die misbruik van belhorlosies.

## 3. Skoolfonds vir 2025

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Baie dankie aan ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal het. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf. Die jaarlikse bedrag beloop R 15 000.00 (Graad 1-7) en R15 500.00 (Graad R). Kontak Alta met enige navrae.

# Sportuitslae

## 4. Tennis

**Vrydag, 29 Augustus**

- Dogters 1 wen Vrede met 33 spelle
- Dogters 2 wen Wilgerivier met 21 spelle
- Dogters 3 wen JA Malherbe met 37 spelle
- Seuns 2 wen Reitz met 43 spelle
- Seuns 3 wen JA Malherbe met 35 spelle

**Maandag, 1 September**

- 0/10C Seuns wen Harrismith met 41 spelle
- 0/10C Dogters wen Harrismith met 43 spelle
- 0/10D Seuns wen Ficksburg met 11 spelle
- 0/10D Dogters verloor teen Ficksburg met 8 spelle

## 5. Hokkie

**Hokkie Seuns teen TKS – Maandag, 1 September**

- 1ste span wen 2-0 (Wen Oos-Vrystaat liga; dring deur na Noord-Vrystaat uitspele)
- 2de span verloor 0-2
- 3de span wen 3-1
- 4de span teen 3de span verloor 0-1

**Hokkie Dogters – Dinsdag, 2 September**

- 1ste span verloor 1-2 teen TKS (Eindig 2de in Oos-Vrystaat A-liga)
- 2de span verloor 0-1 teen Graanveld (Eindig 8ste in Oos-Vrystaat A-liga)

**Terugskou op ons Hokkieseisoen ...**

Ons seuns- en dogters hokkiespelers het 'n goeie seisoen agter die rug. Van ons klein 0/7 maats, tot ons 1ste span spelers, het almal hul harte uitgespeel met elke wedstryd. Ons is trots op elke Jorrie hokkiespeler wat die spel so geniet het en voluit gespeel het gedurende die seisoen.

# Sportuitslae

## 6. Biathlé

Riley la Grange en Mihan Botha het verlede naweek deelgeneem aan die Gauteng Biathlé, wat in Pretoria plaasgevind het, ter voorbereiding vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Riley behaal 'n eerste plek in die dogters o/11 kategorie en Mihan behaal 'n eerste plek in die seuns o/11 kategorie.
Baie geluk!

## 7. Gholf

Ernst Bonthuys het Vrydag, 22 Augustus deelgeneem aan Bethlehem Akademie se Gholfdag wat in Clarens gehou is. Hy was deel van die vierbal wat 2de gekom het. Geluk Ernst!

## 8. Skaak

Wian Steyn is gekies vir die o/14A Vrystaat skaakspan wat in Desember aan die Inter-provinsiale Mzansi skaaktoernooi gaan deelneem.
Baie geluk Wian!

# Kultuuruitslae

## 9. Allegretto kunswedstryd

Die volgende leerders het aan die Allegretto kunswedstryd deelgeneem en die volgende simbole behaal:

**Mila Oosthuysen Graad 7**
- Stilstaande prosa A+
- Monoloog A
- Formal Poetry A+ (Dring deur na Nasionaal)

**Kayla van Niekerk Graad 7**
- Gedramatiseerde prosa A++ (Kategorie wenner en dring deur na Nasionaal)
- Monoloog A++ (Kategorie wenner en dring deur na Nasionaal)
- Samespraak A++ ( Dring deur na Nasionaal)

**Nõa Stoffberg**
- Samespraak A++ (Dring deur na Nasionaal)

**Raylene Down Graad 4**
- Formal poetry A
- Gedramatiseerde prosa A+
- Voorbereide redevoering A+
- Formele gedig A++ (Dring deur na Nasionaal)

**Mart -Mari Bruwer Graad 3**
- Voorbereide redevoering A+

**Danielle Venter Graad 7**
- Spanredenaars A++ (Dring deur na Nasionaal)
- Monoloog A+ ( Dring deur na Nasionaal)
- Redenaars A

**Mienke Meijer Graad 5**
- Redenaars A

**Joshua Strydom Graad 3**
- Prosa A+
- Voorbereide redevoering B++

**Luan Strydom Graad 6**
- Prosa A++ ( kategorie wenner en dring deur na Finaal)
- Voorbereide redevoering A

# 10. Artistatue Redenaarskompetisie

Ons graad 7 spanredenaars behaal 'n derde plek by Artistatue.

Die spanlede is Demaine van Deventer, Cara-Sue van der Merwe, Arno Labuschagne en Danielle Venter.

Baie geluk, ons is trots op julle!

## Akademie

# 11. Binne en buite die klaskamer

### WOW Spelfees

Die volgende leerders dring deur na die finale ronde van die Nasionale Wow Spelfees wat plaasvind op 11 Oktober in Stellenbosch:

- Gidon Verster (gr.5) - 1ste plek
- Thatohatsi Mokhothu (gr.5) - 3de plek
- Henrico Nel (gr.1) - 4de plek
- Xander Harrington (gr.6) - 4de plek
- Neri Verster (gr.3) - 4de plek

### Provincial Language Festival

Lishe Verster het vanaf 1-3 September aan 'n "Provincial Language Festival" in Bloemfontein deelgeneem.

Sy het in die kategorie "Reading Comprehension" deelgeneem. Lishe behaal 'n algehele 3de plek.

Baie geluk Lishe, ons is trots op jou!




**Graad 4 Uitstappie**

Die Graad 4 leerders was op 3 September op 'n onvergeetlike uitstappie na St. Fort in die mooie Oos-Vrystaat. Daar het die natuur die leerders se klaslokaal geword. Leerders het 10 km se stap aangepak met moed en opgewondenheid - elke tree 'n nuwe ontdekking.

Tussen asemrowende berguitsigte en die geur van vars lug het hulle by 'n holkrans stilgehou om heerlike worsrolle te geniet en malvalekkers oor die vuur te braai. Hulle het ook geleer van fassinerende Khoisan rotskuns, 'n lewende kunsgalery teen klipmure!

Teen die einde van die dag was almal heerlik moeg, maar vol stories en herinneringe wat nog lank sal bly.









## Produksie 2000

Produksie 2000 het Dinsdag weer by ons Jorries kom kuier. Soos altyd was dit 'n groot hoogtepunt vir elke leerder.

Ons het dit vreeslik geniet!












100% JORRIES

# Fotoblad







Met Lente in die lug het ons Gr. 1 maats die skool se tuin verfraai deur elkeen 'n blommetjie te plant.
Baie dankie julle - ons tuin lyk pragtig!







# VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

**Maandag, 8 Sept**
Saal
Pom-pom optredes by ouetehuise

**Dinsdag, 9 Sept**
Gewone skooldag

**Woensdag, 10 Sept**
Gewone skooldag

**Donderdag, 11 Sept**
Gr R Gradeplegtigheidsfoto's
Super 8 Hokkie seuns & dogters
(Klerksdorp)

**Vrydag, 12 Sept**
Super 8 Hokkie seuns & dogters
(Klerksdorp)

**Saterdag, 13 Sept**
TBM Krieket
Super 8 Hokkie seuns & dogters
(Klerksdorp)

# Personeel verjaarsdae

6 Sept - Hennie Ferreira
10 - Tanya du Plessis

HAPPY BIRTHDAY

## SKOOLTYE

| | |
|---|---|
| GRAAD R | 7:30 - 12:35 (Maandag - Vrydag) |
| GRAAD 1-2 | 7:30 - 13:05 (Vrydae 12:45) |
| GRAAD 3 | 7:30 - 13:30 (Vrydae 12:50) |
| GRAAD 4-7 | 7:30 - 13:40 (Vrydae 13:00) |

## KLEREBANKTYE

Dinsdae, Woensdae & Donderdae
07:30-8:30

## 2025 SKOOLKWARTALE

| | |
|---|---|
| 1ste Kwartaal: | 15 Januarie - 28 Maart |
| 2de Kwartaal: | 8 April - 27 Junie |
| 3de Kwartaal: | 22 Julie - 3 Oktober |
| 4de Kwartaal: | 13 Oktober - 12 Des. |

## BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank, Harrismith
Rek. Nommer: 042 117 453
Takkode: 051001

## VIND ONS OOK OP:

## KONTAK ONS:

skoolhoof@jordaniapri.co.za

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700

058 303 4116

www.jordaniaprimer.co.za

# KOMMUNIKASIE RAKENDE AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND

ONS WIL GRAAG ERKENNING GEE AAN ONS LEERDERS VIR HUL PRESTASIES IN AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND. STUUR ASB. UITSLAE NA DIE VOLGENDE PERSONEEL:

**JUF. FRANCES VD SCHYFF**

**Prestasies in kompetisies**
ATKV Redenaars ; ATKV Radikale kompetisie en ander soortgelyke kompetisies

E-pos na: francesvanderschyff@gmail.com

**JUF. SUNEL STOFFBERG**

**Akademiese prestasies**
(buite skoolverband)

E-pos na: stoffbergsunel8@gmail.com

**JUF. DINGENA DE KLERK**

**Sport prestasies**
(buite skoolverband)

E-pos na: ogrady.dingena@gmail.com

**JUF. TANYA DU PLESSIS**

**Kultuur prestasies**
(buite skoolverband)

E-pos na: tanya@jordaniapri.co.za

**VERSKAF DIE VOLGENDE INLIGTING**

- Naam van leerder
- Datum van deelname
- Naam van kompetisie
- Plek / Prestasie behaal
- Opsioneel: Foto's

ADVERTENSIE

# ADVERTEER IN DIE JORDAANTJIE

**Kontaknommer: 058 3034116**
**Kontakpersoon: Nadine Pretorius**
**Koste: R80,00 per plasing**



# AMPTELIKE SKOOLKALENDER VIR 2025

**January 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**February 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | |

**March 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**April 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**May 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**June 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

**July 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**August 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**September 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**October 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**November 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | | | | | | |

**December 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

| Public and School Holidays 2025 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 18 April | Good Friday |
| 21 April | Family Day |
| 27 April | Freedom Day |
| 28 April | Freedom Day' observed |
| 29 April | Special school holiday |
| 30 April | Special school holiday |
| 01 May | Workers' Day |
| 02 May | Special school holiday |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |

- Weekends
- Days for administration
- School days
- Public holidays
- Special school holidays
- School holidays

## SUMMARY OF 2025 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

| Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|
| (13) 15 January - 28 March | 11 | 53 (55) | 1 | 52 (54) |
| 08 April – 27 June | 12 | 59 | 5+3 | 51 |
| 22 July – 03 October | 11 | 54 | 1 | 53 |
| 13 October – (10) 12 December | 09 | 43 (45) | 0 | 43 (45) |
| Total | 43 | 209 (213) | 7+3 | 199 (203) |

100% JORRIES


Jordania
Gholfdag
17 Oktober
Combined IPS met Scramble drive
R50 000 hole in 1
'Live Entertainment'
R3500 sluit in:
* bof / setperk bemarking
* 4 bal
* halfway house
* steak ete na die tyd
WMF
FINANCIAL ADVISORS
SHORT TERM INSURANCE
1ste prys: Halwe bees elk en vele meer vleispryse!
Hele gesin welkom vir die aandete
Nie gholfers R100 vir aandete
Bethlehem Gholfklub
Kontak Janine Helmand by 0827749300

# Musikale kaleidoskoop

## Sing Speel Sweef

'n Energievolle viering van kinderlike vryheid, vreugde, groei en hoop.

**23 Oktober 2025**

**18:00**

**Primêre Skool Jordania Saal**

R100 per persoon

(Slegs beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar).

Daar sal verversings te koop wees.

Kaartjies beskikbaar by die skoolkantoor.

# Something in Between

Vars gepakte kospakkies vir pouses of werk




**Kospakkies R35 per bakkie.**
**Spyskaart vir nuwe week sal elke Donderdag uitgestuur word.**

Bestel per whatsapp vir Alta Bernard by 0837073966.
Bestelllings sluit Saterdag middag
Ontvang en bring leë bakkie terug konsep.

*BETAAL METODES:*

- *Kontant wanneer jy kospakkie ontvang.*
- *Weekliks vooruitbetaalbaar (Vir 'n dag of meer)*
- *EFT direk*

*BANKBESONDERHEDE:*
*A Bernard*
*Capitec*
*Spaar rekening*
*2385608851*
*Verwysing kind se naam en van*

*Kosbakkies kan afgehaal word elke dag van 6:45 tot 08:00 op die hoek van Lughawe str14 en Pleinstraat (Beige muur- naby Jordania skool)*

Geniet en baie dankie vir julle ondersteuning


Bethlehem Academy & Wildflower School of Dance
present
REMAIN IN ME
COMMUNITY CONCERT
One Vine. Many Voices. One Song
AN EVENING OF MUSIC, DANCE, AND ABIDING FAITH
1 & 2 OCTOBER 2025
BETHLEHEM CHRISTIAN CENTRE
6PM
MARKET & FOOD AFTER THE SHOW
TICKETS ON QUICKET
ADULTS R120
KIDS R80


GROW
BLOOM
PROSPER
Accommodation
BOOK NOW
GREEN ACADEMY
GROW -BLOOM-PROSPER
@ Bethlehem Academy
40 Sleeper Dorms
[R150 p/p/p/n]
Facilitator bedrooms
[R250 p/p/p/n]
Deck
Camp Hall
Fire Pit
Full Camp Facilitation for Events & Schools on Request
BOOKINGS
bethlehemakademie@gmail.com
078 452 6304